

# Die politieke oortuigings van Hans van Rensburg (1898-1966): kontinuïteit en verandering

*The political convictions of Hans van Rensburg (1898-1966): continuity and change*

ALBERT VENTER

Departement Politiek

Universiteit van Johannesburg

ajventer@uj.ac.za



Albert Venter

**ALBERT VENTER** is Professor in Politiek aan die Universiteit van Johannesburg. Hy doktoereer in 1984 in die Staatsleer aan Unisa met 'n proefskrif oor die politieke teorie van Karl Popper. Hy is sedert 1979 dosent in Staatsleer/Politiek aan onderskeidelik die universiteite van Pretoria, Suid-Afrika en die RAU/UJ. Hy was vir nege jaar voorsitter van die Departement Politiek aan die RAU. Hy dien op die besture van verskeie akademiese verenigings en was opeenvolgend Sekretaris, Adjunk-President en President van die SA Vereniging vir Politieke Studies (1987-2001). Hy is tans (2007) 'n Raadslid van die Universiteit van Johannesburg en van die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns. Sy navorsingbelangstelling strek oor 'n wye gebied in die staatsleer/politiek. Hy het vyf boeke oor die Suid-Afrikaanse politiek gepubliseer en meer as 'n honderd bydraes in akademiese joernale en hoofstukke in boeke gelewer. Sy spesifieke navorsingsbelangstellings sluit in die vergelykende politiek, Suid-Afrikaanse en Afrikanerpolitiek, die politiek van diepverdeelde samelewings, demokratisering van outoritêre samelewings en politieke risiko-ontleding. Hy is 'n Nasionale Navorsingstigting (NNS) gegradeerde navorser en het verskeie buitelandse studiereise onderneem.

**ALBERT VENTER** is a professor of Politics at the University of Johannesburg. He obtained his doctorate in Politics in 1984 with a thesis on the political theory of Karl Popper. He has taught Politics since 1979 at respectively the Universities of Pretoria, South Africa, Randse Afrikaanse Universiteit (RAU), Johannesburg. He was chair of the department of Politics at RAU for nine years. He has served on the executive committees of various academic associations and in succession was Secretary, Vice President and President of the South African Political Studies Association (1987-2001). At present (2007) he is a member of the Councils of the University of Johannesburg and the Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns. He has wide research interests in the discipline of politics. He has published and edited five books on South African politics and has written more than a hundred contributions to academic journals and chapters in books. His specific research interests include comparative politics, South African and Afrikaner politics, the politics of deeply divided societies, democratisation of authoritarian societies and political risk analysis. He is a rated National Research Foundation (NRF) researcher and has undertaken numerous international study tours.

**ABSTRACT*****The political convictions of Hans van Rensburg (1898-1966): continuity and change***

*This article investigates and describes the political convictions of dr JFJ (Hans) van Rensburg (1898-1966). It offers an overview of Van Rensburg's political convictions since the 1914 rebellion in South Africa, his career in the civil service, his leadership of the Ossewabrandwag up to his participation in the apartheid administration towards the middle sixties of the last century. The research is based on his own written work and documented public speeches, as well as research based on archival material. The question of Van Rensburg's commitment to National Socialism is treated in some detail. In the analysis an argument is offered that Van Rensburg's political convictions can be depicted as being mainly Afrikaner nationalist, despite an allegiance to National Socialism in the years between 1938-1948. The article shows how Van Rensburg changed his view on Nazism after the horrors of the holocaust and other German atrocities became public knowledge after the War.*

*In the examination of his political convictions, the question of the generally held stereotype in academic as well as partisan literature of Van Rensburg as being a dedicated and unreconstructed Nazi and Hitler admirer, is put to the test. The following examples, drawn from the literature, are representative of the commonly held view of Van Rensburg's faithfulness to the Nazi cause. According to Visser, a police officer who investigated Van Rensburg's alleged treason in 1946, he was "a shrewd and intelligent man, who was campaigning to establish a National Socialist state in South Africa while loyal South Africans were fighting and dying in North Africa to destroy the Nazis" (Visser 1976:45). According to Furlong (1991:79) van Rensburg was "a Hertzogite with unusually Radical Rightist views" and a "committed supporter of the German National Socialist state" (1991:141). O'Meara writes that van Rensburg was a "self confessed Nazi" (1982:127). Moll typecasts van Rensburg as a committed national socialist (Moll 1985:156). His Afrikaans political opponents, like Strijdom, Verwoerd and Malan often accused Van Rensburg of being a Nazi, dictator and "German Sap" (cf. Fourie 1991:357-364). The investigation finds that the Nazi tar brush is a simplistic judgement of a skilled and articulate politician. Van Rensburg did indeed have an admiration for the pre-Second World War Hitler government and its efforts to revive the German economy and reinstate Germany as a world power. He was also an admirer of the principles of its National Socialist policies. Moreover, Van Rensburg was a highly disciplined man and a trained colonel in the Union Defence Force. Therefore the Kaiser-type values of the Second German Reich of respect for authority, discipline, hard work, authoritarian government and a high regard for law and order in public policy were core principles in Van Rensburg's political convictions. However, after the war he recognised and admitted that the atrocities perpetrated by the Nazis were inexcusable and he wrote and said as much. He never accepted the anti-Christian tenets of the Nazis. After the war he was sceptical of the Allied war crime tribunals – mostly because in his view it represented the justice of the victor. Moreover, he found it unacceptable that little was done by the Allies to prosecute or at least denounce war atrocities by their own forces. For instance, the bombing of German civilians in Dresden or the use of nuclear weapons against Japan. A view vindicated, inter alia in 2006, by the Oxford Historian Niall Ferguson. The article shows that van Rensburg had been a consistent Afrikaner nationalist since his student days at the University of Stellenbosch, a committed supporter of the Hertzog two-stream policy regarding the two white "races" in South Africa, an apologist of the policy of separate development (apartheid) and a stringent opponent of communism as a creed as well as the Soviet communist dictatorship. Lastly, van Rensburg consistently held the view that the state has a social obligation to care for the poor, the weak and the marginalised working classes of an industrialised economy. A view not far removed from typical conservative Christian Democratic parties in post-war Europe.*

**KEY CONCEPTS:** Hans van Rensburg, Ossewabrandwag, National Socialism, fascism, political convictions, conservative, authoritarian, Nazi, Afrikaner nationalism, Hertzog two-stream policy, social and institutional circumstances, anti-communism, Second World War, Smuts government.

**TREFWOORDE:** Hans van Rensburg, Ossewabrandwag, Nasionaal Sosialisme, fascisme, politieke oortuigings, konserwatief, outoritêr, Nazi, Afrikaner nasionalisme, Hertzog tweestroombeleid, sosiale en institusionele omstandighede, anti-kommunisme, Tweede Wêreldoorlog, Smuts-regering.

### OPSOMMING

In hierdie artikel word die kontinuïteit en verandering in die politieke oortuigings van dr JFJ (“Hans”) van Rensburg (1898-1966) ondersoek en gerekonstrueer. Die artikel bied ’n oorsig oor Van Rensburg se politieke oortuigings sedert die 1914-rebellie, sy loopbaan in die staatsdiens, sy leierskap van die Ossewabrandwag tot en met sy deelname aan die apartheidsbestel in die middel-sestigerjare van die vorige eeu. Die uiteensetting steun op sy geskifte en openbare uitsprake, sowel as argivale navorsing wat na sy eie werk verwys. Aan die einde word ’n besluit oor Van Rensburg se politieke oortuigings gemaak, veral met verwysing na die vraag oor sy toewyding aan Nasionaal-sosialisme. Die ondersoek voer aan dat Van Rensburg se politieke oortuigings hoofsaaklik Afrikanernasionalisties was, ten spyte van ’n flankering met (Duitse) Nasionaal-sosialisme in die jare 1938-1948, waarvan hy later weer, ca. 1953-1966 van standpunt verander het. Die artikel bevraagteken die gemaklike stereotipering deur verskeie skrywers en van sy tydgenootlike politieke opponente dat Van Rensburg kortweg “’n Nazi en Hitler-bewonderaar was”. Daar word ook aangetoon hoedat veranderende sosiale en institusioneel-strukturele omstandighede ’n stempel op Van Rensburg se politieke oortuigings afgedruk het.

### 1. INLEIDING

In hierdie artikel word die kontinuïteit en verandering in die politieke oortuigings van dr JFJ (“Hans”) van Rensburg (1898 -1966) ondersoek en gerekonstrueer. Die artikel bied ’n oorsig van sy politieke oortuigings sedert die 1914-rebellie, sy loopbaan in die staatsdiens, sy leierskap van die Ossewabrandwag tot en met sy deelname aan die apartheidsbestel in die middel-sestigerjare van die vorige eeu. Die uiteensetting steun op sy geskifte en openbare uitsprake, sowel as argivale navorsing wat na sy eie werk verwys. Aan die einde word ’n besluit oor Van Rensburg se politieke oortuigings gemaak, veral met verwysing na die vraag oor sy toewyding aan Nasionaal-sosialisme. Die hoofargument is dat Van Rensburg se politieke oortuigings hoofsaaklik Afrikanernasionalisties was, ten spyte van ’n flankering met (Duitse) Nasionaal-sosialisme in die jare 1938-1948, waarvan hy later weer, circa 1953-1966, van standpunt verander het. Die artikel bevraagteken die gemaklike stereotipering deur verskeie skrywers en van sy tydgenootlike politieke opponente dat Van Rensburg kortweg “’n Nazi en Hitler-bewonderaar was”. Daar word ook aangetoon hoedat veranderende sosiale en institusioneel-strukturele omstandighede ’n stempel op Van Rensburg se politieke oortuigings afgedruk het.<sup>1</sup>

---

<sup>1</sup> Vir doeleindes van hierdie artikel word aanvaar, weens ruimte oorwegings, dat die leser bekend is met die historiese omstandighede in Suid-Afrika waarbinne Van Rensburg gelewe het, maw tussen 1900 en 1966.

In die literatuur oor Van Rensburg, veral tydens en na die Tweede Wêreldoorlog, word hy meestal gestereotipeer as 'n Nazi, Fascis, verraaier van Suid-Afrika in die veertigerjare, heulery met Hitler-Nazi's, diktator en Duitse handlanger. Die "ware" Hans van Rensburg is egter meer kompleks as hierdie joernalistieke en partydige sienings oor sy politieke oortuigings. Die volgende aanhalings is verteenwoordigend van die voorgemelde stereotiperings. Volgens Visser, 'n polisiebeampte wat Van Rensburg se beweerde hoogverraad in 1946 ondersoek het, was hy "a shrewd and intelligent man, who was campaigning to establish a National Socialist state in South Africa while loyal South Africans were fighting and dying in North Africa to destroy the Nazis" (Visser 1976:45). Volgens Furlong (1991:79) was Van Rensburg "a Hertzogite with unusually Radical Rightist views" en 'n "committed supporter of the German National Socialist state" (1991:141). O'Meara (1982:127) skryf dat Van Rensburg 'n "self confessed Nazi" was. Moll (1985:156) tipeer Van Rensburg as "'n oortuigde nasionaal sosialis". Sy Afrikaanse politieke opponente, onder andere Strijdom, Verwoerd en Malan, het ook dikwels die beskuldiging gemaak dat Van Rensburg 'n Nazi, diktator en "Duitse sap" was (cf. Fourie 1991:357-364).

## 2. VROEË OORTUIGINGS

Van Rensburg se vroegste herinnering oor sy eie politieke ontwaking is in sy memoires *Their paths crossed mine* (1956) en *Der Weisse Sündenbock* (1964) opgeteken. Hy skryf daarin oor sy deelname aan die Louis Botha-regering se onderdrukking van die Rebelle in 1914. In hierdie tyd is Van Rensburg onder die invloed van Milneriaanse opvoeding en hy glo dat die Eerste Wêreldoorlog die skuld van Keiser Wilhelm se megalomania is (Van Rensburg 1956:18). Die militêre botsing tussen die Botha-regering en De Wet-rebelle by Mushroom Valley (in die Vrystaat) op 11 November 1914 het Van Rensburg geleer dat bloed dikker as water is en dat dit "swaarder weeg as ideologiese slagspreuke". Die "burgeroorlog" maak 'n groot indruk op Van Rensburg. In *der Weissen Sündenbock* stel Van Rensburg dit besonder sterk dat al die angliseringsleerstellings wat hy in sy vroeë skoolloopbaan deurloop het, deur die toedoen van die Rebelle van hom "af geval het." Hy skryf:

Ich wusste jetzt, dass ich ein gebürtiger Bur war, wie jene stillen Rebellen. Das Blut (die rebelle s'n) war auch mein Blut, wie das Blut in meinem Aderen das ihrige war" (1964:28).

Hy leer ook dat wanneer volksgenote sterk en ernstig polities verskil, leiers hulle plig moet doen volgens hulle eie gewete en die res "aan God moet oorlaat". Iedereen wat egter die verantwoordelikheid van leierskap aanvaar, moet alles in sy vermoë doen om te vermy wat op 11 November 1914 gebeur het: toe Afrikanerbloed gevloei het as gevolg van gewapende optrede van Boer teen Boer. Enige een wat die optrede van De Wet of Botha gedurende die Rebelle wil kritiseer, skryf Van Rensburg, moet eerder die Voorsienigheid bedank dat daardie plig nie op sy skouers gelê was nie. Die gevolge van die rebelle op Van Rensburg se politieke oortuigings is duidelik: hy is Afrikaner, Boer (1956:21).

Gedurende die Eerste Wêreldoorlog wil Van Rensburg met alle mag by die Suid-Afrikaanse Leër aansluit om sy jeugideaal van 'n militêre loopbaan te verwesenlik. Sy vader verbied dit en Van Rensburg is Stellenbosch toe om te gaan studeer. In hierdie tyd ondergaan Van Rensburg 'n politieke identiteitsverandering: van 'n Milner-Afrikaner word hy 'n Afrikanernasionalis. *Die Burger*, JH de Waal, Gustav Preller asmede 'n studie van Duits laat die spreekwoordelike Engelse skille van sy oë afdop. Sy intellektuele wêreld verbreed van 'n bloot Engelse Afrikaner na 'n meer inklusiewe belewenis deur die insluiting van 'n Duitse erfenis. 'n Tipe van *periagogè*, 'n intellektuele ommekeer neem van hom besit. Naas Shakespeare en die Engelse grotes, leer hy ook Goethe, Heine, Nietzsche,

Schopenhauer en Spengler ken. Stellenbosch versterk die innerlike belewenis van sy primêre politieke en kulturele identiteit as *Afrikaner* (1956:26, 27).

Op Stellenbosch word Van Rensburg se liefde en lewenslange bewondering vir die Duitse volk en kultuur bevestig. Hy studeer en behaal 'n MA in Duits en beoog opsluit 'n loopbaan as Duitse filoloog. Sy Duitse dosent, dr Friedländer, maak 'n onuitwisbare indruk op hom, onder andere omdat hy 'n Duitse offisier in die 1914-oorlog was en ook aan die *Götterdämmerung* van Duitsland en die Weste geglo het (1956:31). Sy aangetroude neef Tielman Roos oortuig hom egter om regsgeleerde te word.

Na sy studies op Stellenbosch in die regte voltooi is, vestig Van Rensburg hom in Pretoria waar hy vir die Departement van Justisie werk en sterk onder die invloed van Tielman Roos is. Hy beywer hom vir die Hertzog Nasionale Party in die 1924-verkieping teen Smuts. Roos word in die Hertzog-kabinet opgeneem as Minister van Justisie en Van Rensburg word sy privaat sekretaris. Noue kontak met Hertzog maak van hom 'n lewenslange aanhanger van Hertzog en sy oortuigings van 'n tweestroombeleid ten aansien van die twee blanke "rasse" en "Suid-Afrika eerste" (cf. 1956:130-135). Van Rensburg skryf met instemming en waardering oor Hertzog se beleid om Suid-Afrika se soewereiniteit via die Balfourverklaring, die Statuut van Westminster en die Uniestatuswette te bevestig; sy poging om Suid-Afrika deur Yskor en ander staatsondernemings vry van imperiale oorheersing te maak en van Hertzog se pogings om die twee blanke taalgroepe gelyk te behandel. Hy skryf ook met genoegdoening oor Hertzog se beskaafde arbeidsbeleid waarin die vroeë tekens van werkaftakening tot voordeel van blankes gesien kan word. Inderdaad sien Van Rensburg hierdie pogings van Hertzog as 'n bestendiging van die blanke se posisie in Suid-Afrika, waarsonder die blankes sins insiens politieke en ekonomies sou ondergaan (1964:36). Meer nog, in sy waardering oor Hertzog skryf hy, dat alhoewel hy teen die smelting van Hertzog en Smuts (1933/34) was om die Verenigde Party te vorm, hy nogtans besef dat dit Hertzog in staat gestel het om die 1936-"naturelletweging" deurgevoer te kry – die grondslag van die latere apartheidsbeleid van die Nasionale Party onder Malan, Strydom en Verwoerd (1964:118, 1956:59).

Van Rensburg sluit in 1929 by die burgermag aan en doen verskeie kursusse wat lei tot sy bevordering tot luitenant-kolonel in 1934. Hy word ook bevelvoerder van die Sesde Brigade (Regiment De la Rey) in Pretoria. Die dissipline en hiërargie van die militêr geval hom. Dit is sy oortuiging dat Afrikanermans militêr paraat moet wees aangesien dit "dissipline en karakter bou". Van Rensburg beywer hom ook in dié tyd vir Afrikaanse militêre terminologie in die Unie-verdedigingsmag (1956:46,47, Van der Schyff:1991:184).

Van Rensburg dien tussen 1933 en 1938 as Sekretaris (direkteur-generaal) van Justisie, met Pirow en later Jan Smuts, as sy ministers. In hierdie tyd, hou hy hom soos van 'n senior staatsamptenaar verwag word, uit die aktiewe partypolitiek. Dit beteken egter nie dat hy geen partypolitieke standpunt het nie. Hy skryf self oor sy "strong Nationalist sympathies" en hoe moeilik dit vir hom was om nie betrokke te raak en mismoedig te wees oor die stand van sake vir die Hertzog-regering nie. Hierdie was die tyd van die goudstandaardkrisis van 1933. Van Rensburg voel innerlik verskeurd: hy is lojaal aan Hertzog en Pirow (sy minister) as persone, maar sy party simpatieë lê by dr Malan en diegene in die Nasionale Party wat nie wil saamsmelt met die Suid-Afrikaanse Party nie. Van Rensburg beskou dit as gelukkig dat hy as staatsamptenaar nie 'n keuse hoef te maak nie (1956:59). Die siniese magspelletjies van partypolitici in die "Smeltersdae" versterk by Van Rensburg 'n wantroue in partypolitiek en die "Engelse parlementêre stelsel" (1941:16,17). Tog skryf hy in 1956 met waardering daarvan dat die koalisie en "smelting" van 1933/34 die gunstige nuwe-effek gehad het dat die nimmereindigende stryd tussen Boer en Brit gaandeweg op die agtergrond geskuif kon word – die verdeeldheid gedurende die Tweede Wêreldoorlog ten spyte (1956:60).

In hierdie tyd van politieke harwar in Afrikanergeleedere fassineer Oswald Spengler se werk oor die ondergang van die Weste hom. Spengler se hipotese dat die hoogbloeï van beskawings gedryf word deur 'n besielende idee neem volgens Van Rensburg sy gedagtes weg van die broedertwis tussen Afrikanerpolitici (1964:61). Hy sou later weer hierdie kernidee van Spengler in sy eie politieke loopbaan toepas.

Tydens sy loopbaan as Sekretaris van Justisie kry Van Rensburg te doen met die Kommunisteparty van Suid-Afrika (KPSA) en hulle oortuigings oor die komende revolusie van die proletariaat. Dit help hom om 'n "beter greep te kry op die kommunistiese aanslag teen die Weste" (1956:62). As Sekretaris van Justisie tree Van Rensburg met groot toewyding op teen wat hy beskou as die kommunistiese aanslag teen Suid-Afrika. Hy beoordeel die KPSA as deel van die wêreldwye aanslag uit die Sowjet-Unie op die westerse, individualistiese lewenswyse. Van Rensburg argumenteer dat sy werk as Sekretaris van Justisie teen kommunisme in Suid-Afrika hom oortuig het dat dit die dodelikste aanslag is teen alles waarin hy glo en voor lewe. Hy konstateer in 1956 dat die enigste werklike teenvoeter vir egalitariese kommunisme, nasionalisme is. En dat hy reeds in die dertigerjare besef het dat die probleem van sosialisme – dit is die begrip dat "ek my broeder se hoeder is – vanuit 'n nasionalistiese eerder as kommunistiese" hoek benader en opgelos moet word (1956:65, 66).

Van Rensburg besoek Duitsland tydens sy termyn as Sekretaris van Justisie en ontmoet belangrike Nazi-leiers, onder andere vir Hitler,<sup>2</sup> wat 'n onuitwisbare indruk op hom maak (1956:108). Alfred Rosenberg maak tydens hul ontmoeting 'n opmerking wat Van Rensburg laat nadink: "Wat is die taak van die Afrikaners, julle het 'n Groot Trek gehad, julle het Suid-Afrika beskaafd gemaak. Maar wat nou?" (1956:106). Die dromer, Rosenberg, het 'n rou senuwee aangeraak wat Van Rensburg later verder sou voer. Afrikaners moes op 'n nuwe "groot trek" gaan (1956:106,107).

In 1938 word Van Rensburg deur Hertzog aangestel as Administrateur van die Vrystaat. Op daardie stadium van sy lewe sien hy homself as 'n staatsamptenaar met geen spesifieke partypolitieke affiliasie nie. Van Rensburg is toe reeds skepties oor die waarde van mededingende partypolitiek soos dit sigself in die middel dertig in Afrikanergeleedere uitgespeel het.<sup>3</sup> Dit volg uit die voorgaande uiteensetting dat Van Rensburg homself reeds as 'n Afrikanernasionalis met Duitse simpatieë beskou het. Met sy aanvaarding van die aanbod om administrateur te word, meld Van Rensburg aan Hertzog dat as hy 'n selfdiagnose moes maak, hy homself as 'n "race conscious Afrikaner, with tendencies which many people today would regard as 'fascistic'" sou beskou (1956:135). Hy het reeds tydens 'n saamtrek van die Afrikaanse Nasionale Studentebond in 1937, die "nasionaal-sosialisme" as die politieke orde van die toekoms aangeprys (Fourie 1991:49).<sup>4</sup>

Van Rensburg het in sy ampstermyn as Administrateur die "partypolitieke neutraliteit" van sy amp gerespekteer. Op die kultuurlewe van die Afrikaner het hy egter aktief gebly en sterk Afrikanernasionalistiese sentimente tydens die simboliese Ossewatrek van 1938 openbaar. Dit is tydens hierdie herinnering aan die Groot Trek dat die kiem van die Ossewabrandwag gelê is en Van Rensburg die drywende gees, die besielende idee van die Afrikanervolk begin verwoord het: republiekwording (cf. Van der Schyff 1991:10).

Gedurende Van Rensburg se administrateurskap vind die herdenking van die Groot Trek plaas – die bekende simboliese Ossewatrek van 1938. Dit het geweldige nasionalistiese emosie by

<sup>2</sup> Dit was 'n baie vlietende ontmoeting by 'n staatsdinee waar hy as een van tagtig gaste aan Hitler voorgestel is. Dit was nie soos Furlong 1991: 81 dit verkeerdlik stel "an interview with Hitler" nie.

<sup>3</sup> Hierdie skepsis is nie uniek nie: vele Afrikaners en ook Europeërs, het dieselfde argwaan oor demokrasie openbaar, kyk, Mak 2004:463,464, Marx 1998:196, Ferguson 2006:231-233.

<sup>4</sup> Hierdie aanhaling word dikwels deur kritici as bewys gebruik dat van Rensburg 'n "selferkende Nazi" was.

Afrikaners wakker gemaak. Van Rensburg verklaar die emosionele opwelling van die Ossewatrek as die gevolg van 'n gebrek aan konkrete simbolisme in die Afrikaner se volkspysie. Hy wyt dit aan die Calvinistiese nugterheid van die Afrikaner en die gebrek aan religieuse simbole en voorstellings in die gereformeerde Afrikaanse kerklewe. Eeue van swaarkry word skielik gesimboliseer deur die Ossewatrek. Die Ossewa word, volgens Van Rensburg, eensklaps die saambindende simbool van Afrikanerskap. Van Rensburg tree self op by van die feeste, onder andere in Bloemfontein. Tydens hierdie geleentheid maak hy verskoning dat die eentalige Engelssprekende burgemeester van Bloemfontein nie deur die ossewatrekfeeskomitee toegelaat is om die ossewaens op Engels te verwelkom nie. Hier toon Van Rensburg sy Hertzog-uitgangspunt van die gelykberegtiging van die twee taalstrome in Suid-Afrika, iets waarvoor hy later in die Ossewabrandwag verkwalik sou word (Van Rensburg 1956:144).

### 3. OORTUIGINGS IN DIE OB-TYD

Van Rensburg se intreerede tydens sy inhuldiging as kommandant-generaal van die OB op 15 Januarie 1941 en sy daaropvolgende toesprake gee 'n handige sleutel tot 'n begrip van sy politieke oortuigings as leier van die OB. Hy beskou die OB as die “gemobiliseerde Afrikanerdom” om die volk te mobiliseer tot onderlinge beskerming, ekonomiese en kulturele stryd teen die Britse Imperiale oorheersing en hulle lakeie, die Smuts-regering (Van Rensburg 1941:5, en 11). In die besonder is Van Rensburg skepties oor die demokrasie en die kapitalisme van daardie tyd. Syns insiens het die demokrasie en die kapitalisme in die dertig jaar sedert uniewording in 1910, bitter weinig voordele vir arm Afrikaners in Suid-Afrika meegebring. In die “ou wêreld” (Britse Ryk) was vryheid sinoniem met geldmag, waar die “ryk man vry was om nog ryker te word en die arm man (Lees Afrikaner) se enigste vryheid om nog armer te word” (Van Rensburg 1941:17). Vir veertig jaar is die Afrikanerdom aan die geldmag en die Empire uitgelewer. Die veertig jaar “in die demokratiese woestyn” het Afrikaners geleer dat dit nie die regte van die enkeling is wat tel nie, maar die regte van die volk as organiese eenheid. As 'n enkeling sy pligte nakom, kom sy regte vanself, omdat sy volk hom sal beskerm (Van Rensburg 1941:17).<sup>5</sup>

Van Rensburg lewer ook fel kritiek op die demokrasie. Vir hom is die demokrasie geen einddoel nie, maar 'n middel tot 'n doel. En as die middel uitgedien raak, soos wat hy demokrasie in 1941 verstaan, dan moet dit met iets anders vervang word. Indien die Afrikanervolk gedien kan word deur die demokrasie, dan sal hy dit doen, maar vir hom is daar geen keuse tussen die Afrikanerdom en die demokrasie nie: die Afrikanerdom is belangriker as die “demokrasie”. Van Rensburg is erg skepties oor die Smuts-regering se noodregulasies: in die naam van die demokrasie “word ons pos besnuffel, word mense wat reeds 250 jaar in die land is agter doringdraad gestop” deur “ingevoerde demokrate in die naam van vryheid” (Van Rensburg 1941:6). Hy verwys sonder twyfel na mense van Britse oorsprong wat in die Smutsregeringsapparaat die noodmaatreëls van daardie regering ondersteun en uitvoer. Die Ossewabrandwag, konstateer Van Rensburg, is nie liberaal-demokraties nie: dit is die gemobiliseerde Afrikanerdom wat meer begaan is oor pligte as oor regte (1941:6).

Van Rensburg, ooreenkomstig sy eie militêre opleiding en ingesteldheid, maak dit duidelik dat die OB “van bo-af” geregeer sal word: dissipline vereis gehoorsaamheid aan hoër bevel. En

<sup>5</sup> Vir 21e eeuse skeptikus: die wantroue in die demokrasie was wydverspreid in 1940/41. In Duits gedomineerde Europa was daar toe vrede. 'n Hele aantal Europese state was onder fascistiese-outritêre regimes, insluitend Italië, Spanje, Portugal, Roemenië, Hongarye en Vichy-Frankryk. Voormalige Nederlandse minister-president Hendrik Colijn maak gewag van die “realpolitik van die aanvaarding van Duitse hegemonie”. Desgelyke sentimente is in België uitgespreek. In Brittanje was daar sprake van 'n vredesakkoord met Hitler deur onder andere Lord Halifax en Neville Chamberlain. *Kyk Mak*, 2004:463,464.

brandwagte (OB-lede) wat “handuit ruk” sal gedissiplineer word (1941:7). Daarbenewens gee Van Rensburg aan die Smutsregering en aan OB-lede die versekering dat die skinderstories wat versprei word dat die OB rebellies wil stig en ’n bloedbad wil veroorsaak, vals is. Van Rensburg sê dat hy heel goed weet dat rebellies en bloedbaddens vinnig deur die regering in die kiem gesmoor sal word en dat sulke optrede “roekeloos en hopeloos” is (1941:10, 11). Van Rensburg waarsku egter ook dat alhoewel die Afrikaner uit huis uit respek vir wet en orde het, en dat dit ook die OB se tradisie is, hy nie anders kan nie as om te waarsku dat die noodregulasies wat Afrikaners onderdruk en hulle taal in die howe minag, tot minagting vir wet en orde sal lei omdat dit geen legitimititeit onder Afrikaners het nie. Vrede en orde, as dit eers ineengestort het, sê Van Rensburg, kan alleen met geweld en herhaalde dwang herstel word (1941: 11). Maar OB-dissipline het ’n prys: die Smutsregering moet dissipline onder sy eie ondersteuners handhaaf en nie OB-lede provokeer nie, anders sal die OB nie sy kant kan bring om wet en orde te handhaaf nie. Die “dragende gedagte van die OB” berus vir Van Rensburg op twee kardinale voetstukke: die eweredige verspreiding van rykdom en die meer doelmatige vervulling van burgerpligte (Van Rensburg 1941:18).

Die OB, volgens Van Rensburg, het een belangrike taak gehad tydens die Tweede Wêreldoorlog, en dit was die verkryging van die Afrikanervolk se eindbestemming: ’n Republiek wat “’n Christeliek-nasionale gesagstaat, nasionaal en tewens, sosiaal van aard” sou wees (1942:2). In ’n brosjure “Die Ossewabrandwag vanwaar en waarheen?” word myns insiens Van Rensburg se OB-politieke geloofsbelijdenis uiteengesit. Nie alleen het hy die voorwoord met instemming geskryf nie, die agterblad (p. 62) vermeld: “Uitgegee deur die Kommandant-generaal, op gesag van die Groot Raad van die OB”. In hierdie dokument word die volgende geskryf: Die revolusie van die 20ste eeu is die revolusie van die verwerping van individualistiese liberalisme en die bevestiging van die organiese volkslewe, die volk as lewende eenheid waarin die nasionale en sosiale drang van die volk vergestalt word (1942:13). ’n Nuwe wêreldorde word voorsien waarin die liberalisme en die kapitalisme gedoem is en die OB gaan nie ter wille van Engeland veg om die ou orde in stand te hou nie. Die OB verklaar oorlog teen mammon en gaan sosiale geregtigheid bewerkstellig deur die kapitalisme met wortel en tak uit die volkslewe te ban. In die plek daarvan sal die brandwaggees staan van “ek is my broer se hoeder” (1942:18). Dit sal gedoen word deur ’n sosialisme wat nasionaal is, dit wil sê die ekonomiese stelsel sal gerig wees op die bevrediging van die eie volksbehoefte, pleks van die volkskuitbuitende internasionale Brits-Joodse kapitalisme. So word belowe dat werkers, kleinboere, onderwysers en staatsamptenare billike vergoeding vir hulle werk en ondernemerskap sal ontvang. Die staat sal as hervormer van die ekonomie optree en sal ingryp waar die privaat ondernemer nog nie in staat is om tot voordeel van die volkshuishouding te werk nie. Staatsbeheer sal oor sleutelnywerhede, die banke, die nywerhede en propagandamiddels ingestel word (Van Rensburg 1942:20).

Daar word ook “oorlog verklaar” teen die oppervlakkighede, individualisme en selfsug van die liberalisme. Op politieke gebied word die liberalisme veral aangeval as die bringer van verdeeldheid en konflikterende belangegroepes binne die Afrikanervolk. Pleks daarvan dat die eenheid van die Volk beklemtoon word, word die selfsug van individue deur verskillende politieke partye en belangegroepes onder Afrikaners bevorder: tot nadeel van die Volk (1942:21,22). Teenoor die liberalisme staan die Christelik-nasionale beskouing wat op die woord van God gevestig is en ’n lewende organiese volksgemeenskap bevorder. Die Christelik-nasionale lewensbeskouing bevorder gesag en dissipline onder die volk en skakel verdeeldheid en kleinlikheid uit (1942:24). Daarbenewens word die bloedsuiverheid van die Afrikanervolk aangeprys as ’n saak van hoogste eer en staan die volk “ongekompromitteerd teenoor alle nie-blankes, om sy bloedmeerderwaardigheid te bewaar” (1942:25). Die organiese volkseenhede van die Afrikaners beteken dat, alhoewel dit ’n “geestelike eenheid” is, dit ook tog wel eksklusief is.



Assimilasie van immigrante kan wél plaasvind, maar slegs diegene wat “assimileerbaar” is. Die staat van Suid-Afrika sal wel nie-Afrikaners insluit, maar nie op gelyke voet nie, aangesien die voorgestelde Afrikanerrepubliek ’n volkstaat vir Afrikaners sal wees (1942:30). Suid-Afrika se bodem, die grond, word verheerlik as ’n heiligdom vir die Afrikaner wat met ontsag bewerk moet word en die vernietiging van die bodem deur byvoorbeeld oorbeweiding en gronderosie moet beveg word (1942:31). Die OB is vyandig gesind teen die idee van liberalistiese partye en belangegroepes omdat dit die “Volk” verdeel. Dit is ook teen die hele sogenaamde Westminster-kabinetstelsel van wanner neem alles. Partypolitiekery beteken ook volgens Van Rensburg dat landsprobleme nie op meriete oorweeg word nie, maar bloot by wyse van halfhartige kompromisse beredder word (1942:48). Die wese van die komende Afrikanergesagstaat is ’n goddelike instelling met die volle uitoefening van die mag waaroor die staat as instelling beskik. Die volkstaat oefen gesag uit in belang van die volk as geheel en is nie neutraal nie, maar ’n gesagsverband van ’n bepaalde volk. Die volksburger aanvaar die gesag van die staat omdat daar ’n organiese verband tussen staat en volk is. Die Afrikanergesagstaat word ondersteun deur ’n sterk weermag as instrument om die eie en afsonderlike goddelike bestemming van die volk te verwesenlik (1942:54). Met betrekking tot buitelandse verhoudinge is dit duidelik dat ’n prinsipiële buitelandse beleid gevolg moet word om die voortbestaan van die volk te verseker. Die Afrikanerstaat is nie bloot ’n Britse imperiale dominium nie, maar is ’n blanke voorpos op ’n swart kontinent. Die OB gaan in die buiteland soek na volkere wat dieselfde oortuigings het. Die volk wat hierdie geloof tans (1942) net so sterk huldig, is die nasionaal-sosialistiese Duitse volk. Dus moet die Duitse koloniale belange in Afrika herstel word sodat die blanke beskawing bestendig kan word en die kommunisme deur ’n anti-komintern pakt bestry kan word (Van Rensburg 1942:55, 57).

Die Afrikaner Christelik-nasionale gesagsrepubliek, Afrikanereenheid en die verwerping van Smuts se deelname aan die oorlog, is die hoofemas in Van Rensburg se politieke oortuigings gedurende die Tweede Wêreldoorlog. Die verkryging van die republiek is in vele opsigte die *raison d’être* van die OB sowel as Van Rensburg se leierskap van die beweging. Dit kan as hipotese gestel word dat die verkryging van die republiek vir Van Rensburg die Spengleriaanse “besielende idee” vir die Afrikanervolk is. In die bekende omsendbrief 1/41 skryf Van Rensburg “die Republiek is ... na sy Godsdien, die hoogste volksideaal van die Afrikanerdom” (1941:1). Die voorgestelde republiek sou staatkundig uit ’n direk verkose staatspresident bestaan wat ’n hoofminister en ’n ministerraad as uitvoerende gesag sou aanstel. Die wetgewer sou deur ’n verkose volksraad gevorm word, wat deur die president ontbind sou kon word en aan wie die ministerraad nie verantwoordelik sou wees nie – ’n buite parlementêre uitvoerende gesag dus. Die voorgestelde Volksraad sou ook wegbreek van alles wat “vals of volkskadelik is in die demokrasie soos hier bekend” en geskoei wees op die “volksregering van die Suid-Afrikaanse Republieke” (Lees die boerestate van Kruger en Steyn). Die kiesers sou stemgeregtigde suiwer blanke burgers wees van wie mens kan verwag dat hulle “volksopbouend sal optree” en diens aan die Afrikaanse volksroeping sal lewer. Persone wat nie by die Afrikaanse volksroeping inskakel nie sal as nie-stemgeregtigde vreemdelinge beskou word. Politieke partye in die volksraad sou nie die reg hê om ’n regering te vorm soos in “die sogenaamde demokratiese” Britse Westminsterstelsel nie. ’n Gemeenskapsraad van vyftig lede, met adviserende bevoegdheid sou deur die “Staatspresident-in-Rade” saamgestel word. Vyftien lede word aangestel deur die uitvoerende gesag en 35 deur gemeenskapsorganisasies (Omsendbrief 1/41:1). Die Regbank sou deur die Staatspresident aangestel word op aanbeveling van die Burgerraad en sou op die Romeins-Hollandse “regservaring” gegrond wees met die “nodige aanpassing vir die behoefte van die Afrikaner” (Omsendbrief 1/41:2,3).

Die Boererepubliek sou ten aansien van “afhanklike rassegroepe” die “nie-blanke bevolking” volgens eie aard en tradisie deur ’n beleid van “segregasie” en “differensiasie” bestuur word.

Wanneer die Boererepubliek ingestel word, sal die Britse konneksie soos die goewerneur-generaal, die Britse vlag en volkslied en die geheime raad onmiddellik beëindig word; die Jode-, armblanke- en nieblankevraagstukke sal onder noodregulasies deurgevoer word. Die staatsdiens en verdedigingsmag “sal gesuiwer word en beheer sal oor die pers en sleutelbedrywe uitgeoefen word” (Omsendbrief 1/41:1).

Dit is voorts duidelik uit omsendbrief 1/41 dat die voorgestelde republiek betreklik outoritêr georganiseer sou wees. Voorkeur sou aan Afrikaners gegee word, “as oorspronklike ontginners van die land, die volk moes gedissiplineer word en leiers kan volkome gehoorsaamheid van die Volk ver wag”. “Bloedvermenging” is verbied. Politieke beleid wat nie aan die Christelik-nasionale roeping van die volk voldoen nie, is verbied. Die staat is verantwoordelik vir onderwys, ekonomiese en maatskaplike organisasies. Die staat moet nywerhede ontwikkel, die bank en geldwese beheer en minimumlone vir blanke werkers instel. Werknemers en werkgewersorganisasies moet tot stand gebring word wat die staat deur die Gemeenskapsraad kan adviseer. Privaat besit word erken en kleinsakeondernemings en boere moet staatsondersteuning kry. Die staat moet ook ’n welsynsfunksie vervul teenoor die “swakkeres die weduwees en die wese en die gebrekkige”. Die staat het ’n spesiale plig met betrekking tot die gesondheidsorg van die volk en die staat moet die gesinslewe koester as van “fundamentele belang” (Omsendbrief 1/41:1).

Van Rensburg verklaar oor en oor dat die OB ’n republiek vir Afrikaners se volksheil voorstaan. ’n Republiek wat op die ashoop van die “liberale demokrasie” en die “kapitalisme” gebou sou word. Die vraag of hy self ’n nasionaal-sosialis is, antwoord Van Rensburg vernuftig. Hy beweer hy het self nooit in die openbaar erken dat hy ’n nasionaal-sosialis was nie. Buitendien het “Nasionaal-sosialisme” vele betekenisse. Hy wil ook nie van Afrikaners Duitsers maak nie. Hy staan en val by die gedagte van ’n “Christelik-nasionale gesagstaat” soos in die ontwerp Republikeinse grondwet van die OB in omsendbriewe 1/41 en 2/41.<sup>6</sup> Wie egter goed bekend is met Van Rensburg se oortuigings en sy OB-toesprake, soos Hagemann dit stel: “An der Bewunderung Van Rensburgs für den Deutschen Nationalsozialismus kann aber tatsächlich kein ernsthafter Zweifel bestehen” (1989:274). Daar is egter ’n verskil tussen bewondering en ’n persoonlike toewyding en geloof aan ’n ideologie.

### 3.1 Oortuigings oor geweld

Van Rensburg was militêr goed opgelei – ’n burgermagkolonel en bevelvoerder van die 4de en 6de brigades voordat die Smutsregering hom op die reserwemag geplaas het. Hy was dus wel deeglik bewus van en opgelei in die aanwending van staatsgeweld. Hy spreek hom dikwels uit teen die onverantwoordelike gebruik van geweld as politieke instrument binne ’n staat (1941:11, 1956:208, Fourie 1991:303). Spesifiek weier hy om as soldaat van die Unie-Verdedigingsmag geweld teen mede-Afrikaners te gebruik. Dit kos hom sy bevel van die 4de Brigade (1956:155). Maar Van Rensburg skroom nie om tydens die OB-periode geweld te beplan en die Stormjaers aan te wend teen die Smutsregering nie. Sy regverdiging daarvoor is die onderdrukking van Afrikaners deur die imperiaal-vriendelike Smutsregering – veral die internering sonder verhoor van Afrikaanse staatsburgers (1956: 222,264). Hy deins ook nie terug om die moontlikheid van Duitse militêre hulp te gebruik om van Britse koloniale onderdrukking ontslae te raak nie – soveel so dat hy die gevaar geloop het om van hoogverraad aangekla te word (Van der Schyff 1991:254). Bronne dui ook aan dat Van Rensburg tydens die middel-veertigerjare selfs geweld teen die staat en ander opponente vergoelik het (Van der Schyff 1991:255). Hierdie houding kan verklaar word deur die spesifieke omstandighede van

<sup>6</sup> Toespraak voor ’n saamtrek van OB-Offisiere, Bloemfontein Stadsaal, Oktober 1941, Hagemann 1989:274.

daardie tyd – te wete die Tweede Wêreldoorlog. Van Rensburg se oortuigings word deur sy militêre opleiding en ervaring ondersteun. Hy had ook groot bewondering vir die militarisme van Keiserlike Duitsland – Pruisiese plig, dissipline, deugdelikheid, onomkoopbaarheid (Marx 1998: 357). Desnieteenstaande sy kennis van die gebruik van politieke geweld, kan die OB-periode, gesien in die konteks van die Tweede Wêreldoorlog sowel as die na-oorlogse Suid-Afrikaanse geskiedenis, as een van minimumgeweld getipeer word. Van Rensburg het duidelik uit sy toesprake en geskrewe stukke laat blyk dat geweld ’n laaste opsie was en dat dit nie ligtelik onderneem moes word nie. Sodanig was sy matigende invloed op die OB dat hy selfs as Smuts-heuler verdink is (Marx 1998: 358).

#### 4. NA-OORLOGSE OORTUIGINGS

Van Rensburg het van sy politieke oortuigings na sy leierskap van die OB en na die afloop van die Tweede Wêreldoorlog gewysig – en sommige gehandhaaf. Van Rensburg het in 1948 toegegee dat die wandade van die Nazi’s ’n trotse volk, die Duitsers, geweldige oneer aangedoen het. Van Rensburg het gesê:

Wat ons is, het ons geword uit krag van ons Christelike beginsels. Sodra jy daardie anker los, is jy nie meer ’n beskaafde wese nie en het jy geen etiese maatstawwe meer nie, en die Duitsers (lees Nazi’s) het hierdie anker gelos teen die einde van die oorlog en beslis onchristelik gehandel. Daar was toe geen verskil tussen hulle en die Russe nie” (aangehaal in Van der Schyff 1991:259).

Van Rensburg skryf voorts in 1956 dat die koelbloedige moord van Jode ’n klad op die Christelike mensdom is. Hy skryf egter terselfdertyd dat hy ook nie die atoombomme op Hiroshima en Nagasaki kan regverdig nie en vra na die regverdiging van die moord op 200 000 burgerlikes in Dresden (Duitsland) in Februarie 1945 deur die geallieerde lugmagte. Die aanval het geen strategiese of militêre doel gedien nie (1956:109).<sup>7</sup>

In sy Duitse memoires is Van Rensburg ook skepties oor die afloop van die Tweede Wêreldoorlog. Vir die geallieerdes was Duitsland dié groot bedreiging vir die demokrasie en moes deur militêre optrede vernietig word. Na die Jalta-konferensie, meen hy, het die Britse Ryk ’n Pyrrhus-oorwinning behaal. Die Duitse bedreiging is deur die diktatoriale Kommunistiese kolos van die Sowjet-Unie vervang en hierdeur het Brittanje Europa aan die Russe uitgelewer (1964:204). Van Rensburg is ook skepties oor die Neurenbergverhore wat volgens hom as legitimering van die haatwoede van die geallieerdes gedien het terwyl die geallieerde vergrype in Dresden, Hiroshima, Nagasaki en Katyn ongestraf gelaat is. Vir hom is dit ’n teken van oorwinnaarsgeregtigheid wat onder die dekmantel van universele geregtigheid vir die mensdom gepleeg is (1964:213).<sup>8</sup> Van Rensburg neem sterk standpunt teen die Sowjet-kommunisme in: hy bestempel dit as “that twilight of the soul and of civilisation which we call Communist nihilism” (1956:244) sowel as “the emergence of the Communist bloc as a world menace” (1956:264). Hy skryf ook met waardering van die apostaat kommunistiese skrywer Arthur Koestler se werk as die beste en verhelderendste oor die bedreiging en sielsvernietigende gevolge van die kommunisme as ideologie en as lewens- en wêreldbeskouing (1956:275).

Wat die plaaslike politiek in Suid-Afrika betref, skik Van Rensburg hom met die nuwe omstandighede en in 1948 betree die OB as ’t ware die baan van die partypolitiek toe die Grootraad

---

<sup>7</sup> Van Rensburg se kritiek van 1956 word gevindikeer deur Niall Ferguson in 2006, kyk Ferguson 2006:563-567.

goedkeur dat OB-lede hulle by die Afrikanerparty onder leiding van N C Havenga kan aansluit en ook as kandidate kan staan. Van Rensburg self het byvoorbeeld B J Vorster se kandidatuur in Brakpan aktief ondersteun. Volgens van Rensburg was daar teenkating in die Grootraad, maar hulle het tog na groot bedenkinge, hulle realpolitiek met die onvermydelike versoen: die tyd van partypolitieke deelname deur die OB het aangebreek (1964:217).

In 1952, nadat hy weer by die NP aangesluit het, het Van Rensburg in 'n persoonlike ontmoeting vrede gemaak met dr Malan. Malan het aan hom die versekering gegee dat republiekwording 'n prioriteit is, dat hy geen kwade gevoelens teen Van Rensburg koester nie, maar dat 'n populêre mandaat van al die kiesers vir republiekwording nodig was. Van Rensburg skryf dat hy Malan verseker het dat hy vir 'n bekeerde preek, aangesien dit onrealisties sou wees om die Suid-Afrikaanse staatsvorm te verander sonder 'n partypolitieke mandaat (1956:258,259).

Van Rensburg se memoires in Duits heet "*Der weisse Sündenbock*" (1964) waarin hy as apologet vir die wit mense en veral Afrikaners in die vroeë middel-sestigerjare optree. Hy is skepties oor die vrywording van Afrika, wat sins insiens op 'n katastrofe sou afstuur. Hy wys daarop dat die buitelandse ontwikkelingshulp bloot die arm Afrikane arm hou in hulle strooihutte, terwyl die President en Ministers "breed en vet in marmerpaleise lê".<sup>9</sup> In teenstelling met hierdie toestand van sake probeer Suid-Afrika volgens hom 'n afvallige roete. Suid-Afrika vra nie ontwikkelingshulp nie, loop sy eie pad en kry daarvoor die vyandskap van die swart Afrikastate. Volgens Van Rensburg gaan dit nie om die mag in Suid-Afrika nie, maar om die voortbestaan van die blanke Afrikanervolk (1964:230). Hy gaan dan voort om die politiek van afsonderlike ontwikkeling aan sy Duitse lesers te verduidelik – en wys op die ideaal van groot apartheid: regverdige verdeling van Suid-Afrika se grondgebied tussen die rassegroepe. Hy verduidelik ook hoe dat hy, as Groepsgebiedekommissaris, gepoog het om aan 'n Joodse dame te verduidelik dat apartheid bloot wil bereik wat die Sioniste in Israel wil bereik: 'n aparte staat vir Afrikaners (1964:231). Sy antwoord op die vraag waarom wit Suid-Afrikaners nie die mag met swartes wil deel nie, is: "ander rasse, ander waardes".

Van Rensburg lig hierdie benadering (ander rasse, ander waardes) toe deur daarop te wys dat byvoorbeeld in Indië van 1964 die weduweeverbranding as gewoonte bestaan, en dat dit 'n mistasting is dat die "negerrasse" bloot swart Europeërs is. Vir Van Rensburg is die swart volkere van Suid-Afrika gans anders as Westerlinge: hulle het 'n "primitiewe instink". Sodanig so dat daar in Suider-Afrika van 1964 nog hekseverbrandery en rituele moorde plaasgevind het, dat nog in voorvaderlike geeste geglo is en les bes in veelwywery. Daarmee gee hy nie te kenne nie, skryf Van Rensburg, dat swartes minderwaardig is nie. Inteendeel, hy betoog dat hy die swart mense van Suid-Afrika respekteer en nie onnodig wil krenk nie. Van Rensburg wy 'n hele aantal bladsye aan sy hipotese dat die problematiek in Suid-Afrika "ander rasse, ander waardes" is en dat apartheid 'n eerlike poging is om rasseharmonie in Suid-Afrika te bewerkstellig. Teen hierdie tyd het Van Rensburg reeds weer by die Nasionale Party aangesluit en was sy OB-episode lank reeds agter die rug (1964:239).

Van Rensburg verduidelik sy "rasseoortuigings" met betrekking tot die verhouding tussen Afrikaners en Engelse Suid-Afrikaners soos volg. Eerstens maak hy kapsie teen etikettering: wanneer Afrikanernasionaliste vir hulle eie mense staan, word hulle as rassehaters en anti-Engels uitgeskel. Hy verwerp die houding en maak 'n sterk saak uit vir "self-liefde" van rasse- en kultuurgroepe. Hy kwalifiseer egter "raseselfliefde". Vir hom is daar 'n prioriteitsorde in die aanvaarding en samewerking tussen verskillende rasse. Hy skryf: "We have a duty to all mankind. Within that ambit we have more pressing duties and loyalties: to South Africa, to White South Africa and – still narrowing it down the scale – to the Boer nation, to Afrikanerdom" (1956:170). Vir hom is dit die essensie van rasseverhoudinge: rasseharmonie begin deur raseselfliefde. Volgens Van Rensburg

was die OB se dryfkrag op die hoogtepunt van die anti-oorlogsbeweging een van Afrikaner-nasionalisme, eerder as anti-Engels (1956:171,172). Van Rensburg is ook optimisties dat die eeu oue stryd tussen Boer en Brit in Suid-Afrika finaal teen die vroeë 1960's opgelos is en dat hulle sal saamstaan teen die bedreigings van “Swart Afrika” en die kommuniste (1956:265).

## 5. BESLUIT

Wat is die politieke oortuigings van die “ware” Hans van Rensburg? Uit die ondersoek kan die volgende stellings oor Van Rensburg se politieke oortuigings gemaak word. Wat kontinuïteit betref, was Van Rensburg, nadat hy politieke volwassenheid bereik het, konsekwent ’n Afrikaner-Nasionalis en ook ondubbelsinnig anti-kommunisties gesind: nie net op die praktiese vlak nie, maar ook op lewensbeskoulike, filosofiese niveau. Hy was ook standhoudend ’n aanhanger van Hertzog se “Suid-Afrika eerste” uitgangspunt en sy tweestroombeleid wat die twee blanke taalgroepe betref.<sup>10</sup> Met betrekking tot sosiale welsynsbeleid, val dit op dat Van Rensburg dwarsdeur sy openbare loopbaan tot en met die einde van sy betrokkenheid by die OB, vas geglo het dat die “komende wêreldorde” ’n sosialistiese komponent sou bevat, naamlik “dat ek my broer se hoeder is”. Sy oortuigings daarvoor is dat dit deur nasionalisme gekwalifiseer moet word, met ander woorde, Afrikaners moet in die eerste plek oor minderbevoorregte en verarmde Afrikaners begaan wees. Staatsinstrumente moet aangewend word om armoede te verlig om uitbuiting van die Afrikanerwerkersklasse en die petite bourgeoisie teen te werk. Dan kan daar in ’n hiërargie van liefdadigheid staatsorg vir andere uitgedeel word. Sy memoires wei nie uit oor die (Europese) demokratiese sosialisme na die Tweede Wêreldoorlog nie. Dit is egter bekend dat hy in die sestigerjare op die direksies van byvoorbeeld Sanlam, Santam en Federale Mynbou gedien het. Hieruit volg as hipotese dat hy óók vrye ondernemingsgesind was – met die klem op wat vandag Afrikaner-ekonomiese bemagtiging genoem sou kon word (cf. SA Biografiese Woordeboek 1981:748).

Van Rensburg se oortuigings met betrekking tot Afrikanernasionalisme beïnvloed wesenlik ook sy siening oor swart-wit rasseverhoudinge in Suid-Afrika en Afrika. Hy glo in rassese segregasie en apartheid (afsonderlike ontwikkeling) en is skepties oor die vermoë van “Afrika” om oor sigself te regeer en om ekonomies en demokraties te “ontwikkel”. Sy skeptisisme oor die fenomeen van Afrika-onafhanklikheid en die vermoë van Afrikastate om hulself te regeer, is deur die geskiedenis gehandhaaf. Hy temper sy rassiesienings deur daarop te wys dat dit nie om rassehaat gaan nie, maar om selfliefde van die eie ras.

Was van Rensburg ’n deurtrapte en konsekwente Nazi/fascis, was hy ’n geleentheidsnazi, of is daar vir hom pragmatiese klemverskuiwings namate omstandighede “op die grond” verander? In die geheel gesien, is dit moeilik om op grond van die algemeen aanvaarde kenmerke van die Duitse Nazisme, Van Rensburg sonder meer as deurtrapte Nazi of fascis te etiketteer. Hy was sedert ongeveer 1933 ’n bewonderaar van Hitler en Duitsland en dit wat die nasionaal-sosialiste (Nazi’s) sins insiens voor die Tweede Wêreldoorlog vir die ekonomiese opheffing van arm Duitsers gedoen het. Hy het tydens die Tweede Wêreldoorlog met Nazi-Duitsland geheul in sy (mislukte) pogings om Afrikaners van Britse Imperialisme te bevry. Hy het naoorlogs erken dat Nazi-Duitsland gruwelike wandade gepleeg het.

<sup>8</sup> Van Rensburg word deur bv. Marx 1998 oor hierdie standpunt erg gekritiseer. Van Rensburg se skepsis oor Neurenberg word egter bevestig deur niemand minder nie as die jong en bekende Engelse Oxford historikus Niall Ferguson. Ferguson wys daarop dat Neurenberg geen grondslag in die destydse internasionale reg gehad het nie en ook dat Britse en Amerikaanse oorlogsmisdade in die Stille Oseaan-teater, nooit aan dieselfde regspraak onderwerp is nie. Cf. Ferguson 2006: 578,579.

Ten einde Van Rensburg se toewyding aan Nazisme na waarde te skat, die volgende. Die kernoortuigings van Duitse Nazisme kan soos volg uiteengesit word.<sup>11</sup> Die ideologie stel die nasionale volkstaat voorop en koppel dit aan die suiwer Ariese oorsprong van die Duitsers. Dit verromantiseer die Duitse verlede, veral die Germaanse mitologie sowel as die Duitse bodem- en woudmitologie. Nazisme is wesenlik vyandig teen die Christendom en die Christelike kerk.<sup>12</sup> Dit staan vyandig teen die vrugte van die Aufklärung, die liberalisme en die uitwerking van die gelykheidsgedagte na die Franse revolusie van 1779. Dit is skepties oor die nagevolge van die verdrag van Versailles en die negatiewe gevolge daarvan vir die Duitse politieke ekonomie. Dit blameer die vinnige industrialisering in die 19de eeu vir die ontreding van die Duitse werkersklas en die afname in volksbewustheid van Duitsers. Dit staan 'n *Führerkultus* en 'n totalistiese staatsbestuur voor om Duitsland te red van die nagevolge van Versailles. Die Nazis is dubbelsinnig oor ekonomiese beleid. Een stroom staan sterk sosialistiese oplossings vir die ekonomie voor, wat nasionalisering van die bevelshoogtes van die ekonomie insluit. Andere is weer sterk ten gunste van pragmatiese samewerking met Duitse "grootkapitaal". Nazisme in die praktyk maak van doelbewuste terreur en geweld gebruik teen binnelandse politieke teenstanders sowel as die holocaust teen Jode. Nazi's is antiliberaal, antikommunisties, anti-individualisties en dubbelsinnig antigrootkapitaal. Die Völkische gedagte by die Nazi's oorheers en dit word aan 'n organiese bloedverwantskap en rassuiwerheid gekoppel. Nazisme word gedryf deur 'n drang na die ooste om vir Duitsland 'n nuwe groot lewensruimte te skep: dit is dus in wese 'n Aries-imperialisties gedrewe politieke ideologie.

Dit volg uit bostaande uiteensetting dat daar sterk ooreenkomste met Van Rensburg se oortuigings in die OB-periode en Duitse nazisme is. Maar selfs in die OB-periode het Van Rensburg nie die anti-christelike oortuigings van die Nazi's verkondig nie. Daar is weinig te bespeur in sy geskrifte dat hy die verromantisering van die Germaanse en Ariese afkoms van die Duitsers goedgepraat het en nog minder dat hy dit in die plek van die Christendom wou instel. Hy sê self "ek wil nie van Afrikaners Duitsers maak nie". Van Rensburg het strykdeur Christelik-nasionale politieke beginsels vir die OB verkondig, waarin hy gesê het dat sosialisme ook 'n plek het om sosiale sekerheid vir armblanke Afrikaners teweeg te bring. Alhoewel hy nie die demokrasie soos hy dit in die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika ervaar het, aanvaar het nie, is daar nie werklik getuienis dat 'n hy persoonlike Führerkultus, 'n mite van 'n onfeilbare leier opgebou het nie.<sup>13</sup> Die Boererepubliek wat Van Rensburg in die oog gehad het, was outoritêr in opset teenoor ander volkere, maar was demokraties ten aansien van byvoorbeeld die aanwys van die staatspresident en die Volksraad. Die voorgestelde grondwet van die Boererepubliek kan hoogstens as gedeeltelik outoritêr getipeer word. Die regstelsel wat daarin voorsien is, was nie openlik of heimlik 'n handlanger van die party-apparaat nie. Intendeel, dit maak voorsiening vir die handhawing van die Romeins-

<sup>9</sup> Van Rensburg se skepsis word deur die gebeure in Afrika sedert 1964 bevestig, vergelyk bv. Meredith, 2005.

<sup>10</sup> Selfs in die OB-periode het Van Rensburg, hoewel beperk, uitgereik na "Engelse Afrikaners". Kyk Visser 1976, Marx 1991.

<sup>11</sup> Hierdie distillasie is gedoen uit gesaghebbende en standaardwerke oor die ideologie van Nazisme/fascisme, kyk bibliografie.

<sup>12</sup> Hitler se eng ideologiese "vriendekring" was openlik vyandig teen die Christendom en die konserwatiewe Duitse Generale Staf, cf. Levine 2002:282.

<sup>13</sup> Die Duitse historikus C Marx gee toe dat Van Rensburg geen OB-styl Hitler was of wou wees nie, Marx 1998: 366.

Hollandse gemenegeserfenis. Van Rensburg het sterk anti-semitiese uitsprake tydens die OB tydperk gemaak, maar hy het die holocaust-gebeure post-1945 fel gekritiseer.<sup>14</sup>

Retories het Van Rensburg die Afrikanervolk en sy voortbestaan bevorder as Kommandant-generaal van die OB, maar sy Hertzog-geïnspireerde tweestroomtaalbeleid het steeds as een van sy kontinue politieke oortuigings bly voortbestaan. Dit is myns insiens moeilik om te argumenteer dat hy die Afrikanervolk verabsoluteer het en in die Afrikanervolk as 'n "super Ariese ras" geglo het. Op sy ergste het Van Rensburg die Afrikaners as 'n "bloedsuiwere blanke volk" getipeer en in die OB-periode Afrikaners as die voorrangvolk van Suid-Afrika gepropageer.<sup>15</sup>

In die OB-periode het Van Rensburg 'n Führer-figuur probeer emuleer, maar hy was aan heelwat meer beperkings as byvoorbeeld Hitler onderworpe. Onder andere die beperkende invloed van die Grootraad van die OB: die Grootraad het hom aangestel en kon hom afdank. Die OB had ook 'n demokratiese subkultuur wat afwesig was by die Nazi's (kyk Marx 1994:196). By die NSDAP was daar geen sprake van so 'n handeling teen Hitler moontlik nie. Van Rensburg het in die OB-periode geweld as taktiek deur die SJ teen die Smutsbewind aangewend, maar vergoeilik dit nie. Die optrede van die OB en die Stormjaers tydens die oorlogstyd was by nabaat, 'n optrede van minimumgeweld. Slegs drie sterfgevälle kan direk daaraan toegeskryf word. Van Rensburg meld ook dat hy geen behae daarin gevind het om die Stormjaers vir sabotasie aan te wend nie, maar plaas die skuld op die ondemokratiese optrede van die Smuts-regering wat Afrikaners sonder verhoor geïnterneer het (1956:215).

Sy veroordeling van die eksesse van Nazisme na die oorlog maak dit duidelik dat hy geen ideologiese bot Nazi was nie. Ten beste kan sy bewondering vir die vooroorlogse Hitler-bewind begryp word as 'n poging om ekonomiese voordele vir arm Afrikaners en die afgeskepte Afrikaner-bourgeoisie teweeg te bring. Sy heulery met die Duitse owerheid gedurende die oorlog is eerder 'n pragmatiese oorweging om die Smuts-bewind teen te staan, as dié van 'n ideologiese gedrewe Nazi wat die Duitse stelsel holus bolus in Suid-Afrika tot stand wou bring. Daardie tipering sou veel eerder by die kwasirevolusionêre avonturier Robey Leibbrandt pas (cf. Fourie 1991:295). Inteendeel, Van Rensburg ontken dat die OB die Nazi's wou "help": in sy eie woorde "they (die OB) did not want to help the Nazis, ... rather ... they voiced the protest of the Nationalist Afrikaner element, which felt it was discriminated against ... in its own fatherland" (1956:264).

Van Rensburg het met betrekking tot sy siening oor Nazisme en fascisme, sekerlik die grootse ommekeer gemaak deur na die Tweede Wêreldoorlog te erken dat die vergrype van die twee ideologieë skandalig was en dat dit hulle respektiewelike volkere nie tot eer gestrek het nie. Hy het sy bewondering vir die Duitse kultuur behou, ten spyte van sy erkenning van die groot foute van die Hitler-regime. Hy het ook weer vertroue in die gewone partypolitiek herwin, deur by die Afrikanerparty en later die Nasionale Party betrokke te raak. Hy maak ook die erkenning dat hy 'n leek is op die gebied van die partypolitieke dinamika en dat hy dit met graagte aan die bekwame hande van dr Malan en ander NP-leiers oorlaat.

Van Rensburg se Afrikanernasionalisme is 'n konserwatiewe politieke ideologie waarin hy glo aan gesinswaardes, die reg van die staat om wet en orde te handhaaf, die segregasie van rasse, voorkeur vir die Afrikanervolk, 'n bewondering van die (1933-1939) politieke en ekonomiese regrukproses in Duitsland. Sy politieke oortuigings was sterk antikommunisties, pro-Westers en

<sup>14</sup> Die Afrikaanse establishment antisemitisme van die dertiger- en veertigerjare van die vorige eeu was meestal retories en myns insiens deel van 'n Zeitgeist in die Weste wat ook deur bv. Suidelike state in die USA gedeel is, kyk Ferguson 2006:225.

<sup>15</sup> Beheptheid met "samelewings-suiwerheid" was 'n grondtoon van moderniteit, kyk Mak 2004:502 en Van Rensburg het deelgeneem aan hierdie tydsgees.

pro-Christelik. Hy het geglo dat die volk voorrang bo die individu geniet in die organiese samehang tussen volk, individu en staat. Sy politieke oortuigings was gekleur deur 'n sosialistiese strekking dat die staat 'n plig het om na die swakkeres in die samelewing om te sien en om die Afrikaner petit bourgeoisie, kleinboere en kleinsakelui te beskerm teen die “groot Imperiale geldmag”. Hierdie idee van Afrikaner ekonomiese solidariteit is nie ver verwyder van tipiese konserwatiewe Christelike Demokrate in naoorlogse Europa nie.

Die oorsprong van die Nazi-etiket is duidelik te vind in die politieke retoriek van sy oorlogstydse opponente: nie alleen van “VP-jingoes” nie, maar ook van Nasionale Partyleiers wat in hom 'n bedreiging gesien het teen die “Volksleierskap” van dr Malan. Navorsing dui daarop dat die destydse HNP of V nie wesenlik in opvatting met betrekking tot rassebeleid, ekonomiese beleid of Afrikanernasionalisme van Van Rensburg verskil het nie (cf. Fourie 1991:357-364, Marx 1994: 196).

Die “ware Hans van Rensburg” was 'n konserwatiewe Afrikanernasionalis en republikein met 'n lewenslange Hertzog-tweestroomtaalsiening, 'n geloof in 'n “gedissiplineerde Afrikanerdom” en dus was politieke outoritarisme deel van sy oortuigings. Ten opsigte van Brittanje was sy oortuiging in die dertigerjare dat dit 'n imperiale oorheerser van Afrikaners was, dat die Britse Ryk onherroeplik verrot was en deur 'n nuwe nasionale en sosialistiese politieke en ekonomiese wêreldorde vervang moes word. Hy was 'n rasbewuste blanke Afrikaner wat in “groot apartheid” die oplossing van die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk gesien het. Dit kan as 'n vorm van rassepaternalisme getipeer word. Hy het geglo dat post-Tweede Wêreldoorlog USSR-kommunisme dié groot bedreiging teen die Weste en blank Suid-Afrika was. Ten aansien van die USSR-bedreiging was sy denke in ooreenstemming met meeste van sy tydgenootlike konserwatiewe leiers in die Weste: Churchill, Eisenhower, de Gaulle, Adenauer, Eden, MacMillan (cf. Mak 2004).

Hoewel hy antisemitiese uitsprake maak, verwerp hy die holocaust gebeure sowel as die anti-christelike en gewelddadige optrede van die Nazi-establishment teen Jode, Duitsers en ander in die gevalle Derde Ryk. As politieke konserwatis is hy beredeneerd skepties oor die gewaande vrugte van liberale individualisme en van rasse-egalitarisme. Daar is weinig in sy openbare geskrifte te bespeur van 'n Herrenvolkidee met betrekking tot sy eie volk, die Afrikaners, en hulle verhouding met ander nie-blanke rasse – alhoewel hy tipies van sy tyd, paternalisties teenoor nie-blanke rasse ingestel is. Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het hy geglo aan die teruggawe van Duitse kolonies (Lebensraum-filosofie dus), maar sy ondersteuning van NP-beleid teen die laat 1950's kan kwalik as 'n aggressiewe Lebensraum-filosofie getipeer word. Hy akkommodeer ook mettertyd die parlementêre demokrasie soos wat dit vir blankes tussen 1948 tot met sy dood in 1966 bestaan het.

Om Van Rensburg bloot as Nazi te tipeer, is om heeltemal te simplisties te oordeel oor 'n komplekse en sterk leiersfiguur. Baie van die insinuasies teen sy politieke oortuigings kom uit die propaganda van die Smutsregering in die Tweede Wêreldoorlog en die Verenigde Party en imperiale “jingo”-ondersteuners. Dit kom ook uit die partypolitieke tweespalt tussen die OB en HNP of V waarin Strijdom, Verwoerd en Malan kwistig die Nazi-etiket misbruik het. Voorts is die Nazi teerkwas uit oorde aangewend wat geen sin, behae of waardering het vir óf Afrikanernasionalisme óf Afrikaner etniese selfbewussyn nie.<sup>16</sup> Die “ware Hans van Rensburg” verdien veertig jaar na sy dood meer begrip vir sy politieke oortuigings as om onthou te word as die “Afrikaner-Nazi” wat Jan Smuts en die VP-regering “verraai” het. Ten laaste, die getuienis oor die kontinuïteit en verandering in Van Rensburg se politieke oortuigings is myns insiens 'n bevestiging van die hipotese dat die politieke oortuigings van individue deur kontingente historiese omstandighede beïnvloed en selfs bepaal word. Individuele voorkeur en afkeer is nie eksklusief bepalend ten aansien van politieke oortuigings nie.

<sup>16</sup> Voorbeelde is TD Moodie, P Furlong, D O'Meara, G Visser.



## BIBLIOGRAFIE

- Badenhorst, J.J. 1991. Vroeë organisasiestruktuur van die OB. In Van der Schyff, P.F. 1991. (red.). *Die Ossewabrandwag: vuurtjie in droë gras*. Departement Geskiedenis, PU vir CHO: Potchefstroom.
- De Klerk, P.F. 1991. Die ideologie van die Ossewabrandwag. In Van der Schyff, P.F. (red.). 1991. *Die Ossewabrandwag: vuurtjie in droë gras*, Departement Geskiedenis, PU vir CHO: Potchefstroom.
- Fourie, L.M. 1991. Die mobilisering van die Afrikanerdom. In Van der Schyff, P.F. 1991. (red.). *Die Ossewabrandwag: vuurtjie in droë gras*, Departement Geskiedenis, PU vir CHO: Potchefstroom.
- Ferguson, N. 2006. *The war of the world*. London: Allen Lane / Penguin.
- Furlong, P. 1991. *Between crown and swastika*, Johannesburg: University of the Witwatersrand Press.
- Hagemann, A. 1989. *Südafrika und das "Dritte Reich": Rassenpolitische Affinität und machtpolitische Rivalität*. Frankfurt: Campusverlag.
- Marx, C. 1998. *Im Zeichen des oxsenwagens: der radikaler Afrikaaner-Nationalismus in Südafrika und die Geshichte der Ossewabrandwag*. Münster: Lit Verlag.
- Meredith, M. 2005. *The state of Africa. A history of fifty years of independence*. Kaapstad: Johnathan Ball.
- Mak, G. 2004. *In Europa. Reizen door de twintigste eeuw*. Amsterdam: Atlas.
- Levine, A.J. 2002. The politics of the authoritarian personality, in *The World and I*, December, pp.271-289.
- Moll, J.C. 1985. *Fascisme – Die Problematiek van verklaringsvariante; Fascisme en Suid-Afrika*. Publikasieereeks C, no. 9. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
- Moodie, T.D. 1975. *The rise of Afrikanerdom*. Berkeley: University of California Press.
- O'Meara, D. 1983. *Volkskapitalisme*. Johannesburg: Ravan.
- Prinsloo, P.J.J. 1991. Die kultuuraktiwiteite van die OB. In Van der Schyff, P.F. (red.) 1991. *Die Ossewabrandwag: vuurtjie in droë gras*, Departement Geskiedenis, PU vir CHO: Potchefstroom.
- Van der Schyff, P.F. 1991. (red.). *Die Ossewabrandwag: vuurtjie in droë gras*, Potchefstroom : PU vir CHO.
- Van der Walt, A.J.H. 1943. 'n Volk op trek. OB uitgawe no 5, Johannesburg.
- Van Rensburg, J.F.J. 1941. *Lewensbeskrywing en drie toesprake*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- \*Van Rensburg, J.F.J. 1956. *Their paths crossed mine*. CNA: Kaapstad.
- \*Van Rensburg, J.F.J. 1964. *Der weisse Sündenbock: Erinnerungen an die antienglische Widerstandsbewegung*. Göttingen: W Schütz.
- Visser, G.C. 1976. *OB: Traitors or Patriots?* MacMillan: Johannesburg.
- SPESIFIEKE BRONNE GERAADPLEEG OOR DIE WESE VAN NASIONAAL-SOSIALISME EN FASCISME
- Baradat, L.P. 1991. *Political Ideologies: Their Origins and Impact*. New Jersey: Prentice Hall.
- Heywood, A. 2003. *Political Ideologies*, London: Palgrave.
- Macridis, R. 1985 *Contemporary Political Ideologies*, Latest available edition. Boston: Little Brown.
- Mc Clellan, D. 1986. *Ideology*. Milton Keynes: Open University Press.
- Sargent, L.T. 1981. *Contemporary Political Ideologies*. Homewood: The Dorsey Press.
- Sargent, L.T. 1990. *Contemporary Political Ideologies: A reader*. Pacific Grove: Brooks-Cole.
- Vincent, A. 1995. *Modern Political Ideologies*. Oxford: Blackwell.
- Watkins, F.M. 1964. *The age of Ideology*. Englewood-Cliffs: Prentice Hall.
- \* Hierdie twee werke deur Van Rensburg is vorms van memoires. Die Duitse weergawe is 'n latere een en verskil heelwat van die Engelse weergawe. Aanhalings en steun is dus uit albei bronne ontleen.